DIE BURGER

Leefstyl



prins van groenbou

- Winterresepte met Parmalat
- Ons nuwe wynrubriek

Foto: YUNUS MOHAMED

Leefruimte

Praat van huise gebou van grondsteen en sooie, en die meeste mense trek hul neus liggies op. Maar as 'n mens 'n uur of wat – binne-in só 'n bousel – jou sit kry om na die teorie daaragter te luister, besef jy ons behoort almal 'n baie "groener" ingesteldheid te hê, het **Frieda le Roux** onlangs – skuldig – besef.

Die vooraansig.

Foto's: YUNUS MOHAMED

Links: Etienne in die kombuis.

Onder: Die kinders se slaapvertrek op die boonste verdieping.

Foto's op hierdie bladsy is van huis Suskin in Houtbaai, een van Etienne se mees onlangse skeppings. Die huis verskyn in die jongste uitgawe van *Elle Decoration* en die boumetode is op CNN vertoon as 'n oplossing vir die wêreld se behuisingskrisis. Die huis is van klip uit die omgewing gebou en die messelwerk is deur 'n selfopgeleide messelaar van 'n nabygeleë plakkersbuurt behartig. Houtpale kom van indringerplante (populier en bloekom). Dit is oor sowat 18 maande deur die gesin en helpers gebou. Omgewingsvriendelike wakse, kalkstowwe, hars, vernis en verf is vir die afwerking gebruik.

Bou en leef groen

"DIS nou wel goed dat jy dit doen, maar moet dit hiér gebeur?"

Só vra die argitek Etienne Bruwer se buurvrou hom onlangs toe hy en 'n paar helpers besig is om 'n sooidak op sy huis te sit.

"Dit het nie onmiddellik mooi gelyk nie, maar toe die sade daarin eers ontkiem, het sy nie een woord van kritiek oorgehad nie," lag Etienne.

Ons staan op 'n grondwal op sy erf in Constantia. Nie heeltemal wat 'n mens vir hierdie deel van die wêreld sou verwag nie. 'n Vinnige kykie na van die paleis-huise met hul perfek gemanikuurde tuine laat jou besef hier gebeur iets héél anders.

In die een hoek staan hopies grondstene en, wanneer daar genoeg hiervan gemaak is, begin Etienne met sy régte huis. (Op die oomblik woon hy, sy vrou en drie seuns in die kantoor, terwyl sy kantoor in die motorhuis ingerig is.) Daar is 'n groot, organiese groentetuin met kronkelpaadjies wat jou van bedding tot bedding neem, 'n Sloot, reeds gegrawe, waar die swemdam moet kom, en nog 'n sloot, waar al die afval wat op die terrein gelewer word, verwerk word tot iets wat die natuur weer kan gebruik.

Etienne het sy opleiding as argitek aan die Universiteit van Kaapstad voltooi. Dit was in sy finale jaar dat iets aan sy gewete begin knaag het. Stadig maar seker het hy hom al hoe meer aangetrokke gevoel tot 'n boustyl wat die omgewingskwessies van ons tyd in ag neem.

Sedertdien het hy hom gevestig as een van die voorste "groen" argitekte in die land en, saam met drie ander vrywilligers, reël hy tweejaarliks 'n internasionale kongres wat fokus op omgewingsverantwoordelike boupraktyk.

"Dis 'n propaganda groen-*talk shop*," spring hy my voor. "As jy 'n nuwe idee wil vestig, moet jy belê in propaganda, om die massas te bereik." Die derde kongres is pas in Pretoria gehou en afgevaardigdes het van Europa, Asië en Amerika gekom. Dit was ook die eerste jaar waarin hulle geen verlies getoon het nie. "Dit wys ons is op die regte spoor."

Etienne is gelukkig met die leefwyse wat hy en sy gesin gekies het. Dit help nie om jou vir iets te beywer as jy dit nie ook leef nie, meen hy. Tog is sý toewyding nogal uniek: slegs sowat 'n vyfde van die kongresgangers kon eerlik sê hulle beoefen 'n "groen" leefwyse.

Maar waarvan leef hy? vra ek later, wanneer dit duidelik word dat winsbejag nie 'n groot dryfveer vir hom is nie. Heelwat van die projekte wat hy aanpak, is gemeenskapsgedrewe en word met eina-begrotings deurgevoer.

Vrywillige eenvoud, antwoord hy. "Dit lei tot 'n nuwe stel waardes. 'n Mens kan tog net een stel kos of klere, een kar op 'n slag gebruik. Mense is nie net oorlaai wat die materiële betref nie, ook geestelik 'vreet' ons heeltyd nuwe inligting, sonder om dit ooit te verteer."

Etienne dink 'n oomblik, sy gryserige baard in sy hand gestut. "Ons primêre belang is nie meer by morele ontwikkeling nie, maar by die materiële. Wat het van ons kinders geword? Hulle is *label whores* – uitverkoop aan etikette, name. En die ouers bevorder dit deur onderlinge kompetisie met mekaar."

Een van die hoofredes waarom hy en sy vrou ses jaar gelede besluit het om hulle in Constantia te vestig, is omdat hulle wil hê hul kinders moet skool toe kan loop. En dan is dit nie sommer enige skool nie, maar een wat die Waldorf-metode van onderrig volg. Etienne vertel dat sy kennismaking met Rudolf Steiner se teorie hom baie diep geraak het.

"Dié skool se kurrikulum vereis dat die kinders saam met die ouers aan 'n bouprojek werk. Nie net kweek dit 'n werketiek by die kinders nie – hulle sien hoe hul ouers skouer aan die wiel sit – maar Steiner het ook geglo kinders moet aan die bouproses deelneem."

Hy meen dat, globalisering ten spyt, die mens se besitreg op die openbare domein weggevreet is. Die verbruikerskultuur ontneem ons die basiese reg tot skepping – iets wat tans nie beskerm word nie en bydra tot 'n verarmde kultuur.

Met 'n ompad kom hy weer terug by die aanvanklike vraag: "Ek dink ook my lewenskoste is sowat 'n kwart van wat my bure betaal." Só byvoorbeeld word al die water op hul erf weer gebruik. Hulle koop ook net bio-afbreekbare seepprodukte.

Selfs die kompostoilette, 'n stelsel wat sonder water werk, dra uiteindelik by tot die erf se biosfeer. Voorts sê hy hy is nie meer "uitverkoop" aan die media nie. "As ek alles moes lees en kyk wat opgedis word, sou ek nooit tyd hê om al my take te verrig nie."

Een hiervan is om op 'n Saterdagoggend grondstene te maak. Etienne sê dié tydjie word sommer ook kuiertyd tussen pa en seuns.

Dit klink byna asof sy hande vir niks verkeerd staan nie, merk ek op, maar Etienne keer vinnig. "Nee, ek is 'n regte *city slicker*," skerm hy. Aan die staalgrys hare en goedversorgde baard kan 'n mens dit sien. Maar dan spot hy goedig met homself: "Ek is ook 'n soort Voortrekker: kom op 'n wilde, leë erf aan en begin eerste bome plant, voordat ek selfs dink aan huisbou."

Die erf, met die naam Greenhaus, was vroeër 'n kweekhuis en Etienne-hulle het die grond erg besoedel gevind. Heelwat glasstukke moes uitgehaal en nuwe grond ingewerk word om die natuur te help herstel.

Sy woordeskat is deurspek met terme soos "versoening", "vergifnis" en "herstel" – amper asof hy hom in 'n Waarheid-en-versoeningskommissie vir die omgewing bevind. 'n Leefwyse wat vra dat ons ons waardes heroorweeg, en dít kies wat werklik belangrik is – vir ons én ons kinders.

Nou moet hy nog net die mense rondom hom – buurvrou inkluis – tot sy leefwyse bekeer.